

**Redaksie**

Ds. E. Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com  
Ds. J. van der Linden, Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

Mei 2010 Nummer 91

## INHOUDS OPGAWE

**Moenie huil nie!** ...1

**In Memoriam** ...3

**Seksuele opvoeding van  
die ouer jeug II** ...5

### MOENIE HUIL NIE!

*E Viljoen*

Moenie huil nie. Dit is die boodskap wat na ons kom met Jesus se hemelvaart. Dit kom na ons in 'n wêreld waarin ons leef met baie sorg. Waarin dit vir ons voel asof ons so min sien van *die regering van die Here*. Oor baie dinge is ons bekommerd. Wat hou die toekoms vir ons in? Politie is die land se situasie baie gespanne. Rassegroepe vorm weer baie sterk pole wat teenoor mekaar staan en in plaas van aantrek eerder afstoot. As jongmense wonder ons soms of daar werklik vir ons 'n toekoms is in hierdie land. Die plek wat die kerk van Christus in Suid-Afrika inneem, lyk hoe langer hoe minder rooskleurig. Wat is God se plan met hierdie wêreld? Dit voel vir ons dikwels soos 'n totale geheim. Daarom dat ook die apostel Johannes huil in Openbaring 5:5. Die boek wat vol geskryf is met wat God se toekomsplan en toekomstige werk op aarde is, is verseël – en niemand kan dit oopmaak nie. Werklik iets om oor te huil!

### God op sy troon

Johannes sien God op sy troon. Hy is die Een wat regeer. Sonder twyfel. Dit glo ons. Maar die manier waarop Hy dit doen bly vir ons so onbegryplik dat dit vir ons voel asof alles vergaan. In die hand van God, hou Hy 'n boekrol. Dit is God se plan met die wêreld. Dit weet Johannes. God se oordeel oor sy vyande en die oorwinning van sy kerk word in hierdie rol beskryf. Hierdie rol is beskryf van binne en van buite. Alles wat God doen vir die verlossing en behoud van sy kinders in die laaste dae. Maar, en dit laat Johannes huil, hierdie boekrol is verseël. Geen mens kan daarin kyk nie. Die toekoms en God se wil vir ons is nie iets waarin enigeen sommer so kan kyk nie.

### God het nie geheime nie!

Maar God laat ons ook nie in die duister nie. Die Here maak sy planne en koningskap bekend. Die boekrol word nie styf onder God se arm vasgeklem

nie! God het in die Ou Testament altyd sy wil aan sy profete bekend gemaak. En in die Nuwe Testament is dit nie anders nie. God hou die boekrol op sy hand. Hy bied dit aan. Wie kan, mag dit uit sy hand neem om die seëls te breek en dit oop te maak. Maar 'n geslote boek is verskriklik. Daarom Johannes se ontsteltenis. As ons nie weet waarop alles afstuur en dat ons in die sorg van die Here kan wees nie, wat 'n verskrikking om op hierdie aarde te leef en te sterf. Maar ons word bemoedig : "Moenie huil nie, kyk, daar is een wat die boek kan neem en sy seëls oop kan maak."

### **Moenie huil nie, Christus regeer**

Johannes kry troos vir sy hele lewe. Jy hoef nie te huil nie, daar is hoop. Daar is Iemand wat die boek kan neem en dit oop kan maak. Daar is Een wat die geskiedenis van die wereld tot sy volmaaktheid bring, ter wille van die kinders van God. Die een wat die boek oop kan maak, weet werklik wat die toekoms inhou. Maar meer. Hy werk self ook daardie toekoms uit! En dit is geen vreemdeling vir die gemeente van die Here nie. In die hemel self is daar niemand gevind wat die boek oop kon maak nie - geen engel is magtig daarvoor nie! Maar ook geen aardbewoner nie. Nie 'n lewende een of een wat gesterf het en onder die aarde is nie. Daar is geen mens, of organisasie van mense, geen koning of magtige regering wat kan bepaal wat in die toekoms met die wêreld sal gebeur nie.

Maar daarvoor hoef ons nie te treur nie. Want daar is Een wat die seëls met God se oordele oor die wêreld kan oopmaak. Moenie huil nie, die Leeu uit die stam van Juda is daar! Hy het oorwin. En Hy en Hy alleen het die mag om die verloop van die geskiedenis van die wêreld te bepaal. Geen trane meer nie! Ten minste nie trane van hulpeloos en hopeloosheid nie. Daar is tog 'n mens. 'n Heel besondere mens wat ons baie goed ken. Die Seun van Dawid. Hy is koning. Hy is die magtige leeu! Hy het klaar oorwin.

### **'n Lam!**

Johannes kyk rondom hom, maar sien geen magtige leeu nie! Net 'n lam.... Daar staan hy asof hy geslag is. In die middel van die troon met die vier en twintig ouderlinge rondom Hom. Wat kan hierdie lam doen te midde van 'n wêreld soos wat ons voorgestel word in Openbaring, waar die slang en die dier wat uit die aarde voortkom en die draak teen Hom kom oorlog voer? Is daar hoop? Ja, want die oorwinning is klaar behaal! Die lam staan daar ASOF geslag. Hy dra die merktekens van die stryd wat gestry is. Aan sy hande en vote sit die wonde van die kruis waaraan Hy vasgespyker was. Maar Hy leef. Hy STÁÁN in die middel van die troon. Hierdie Lam het klaar die oorwinning behaal. Dit is Jesus wat dood was en kyk Hy lééf!

Sal alles dan nou tog goed verloop vir die kerk van Christus in die wêreld? Is hierdie Lam werklik magtig genoeg? Ja, kyk maar hoe word sy krag en mag vir ons voorgestel. Hierdie Lam het sewe horings op sy kop. Tekens van krag. Sewe. Die volmaakte getal. Volmaakte goddelike krag ter beskikking van hierdie lam. Niemand kan staande bly teen hierdie lam nie. Hy het oorwin en is besig om sy verslaande vyand se laaste weerstand te verpletter! Hy beskik oor sewe oë wat die Sewe Geeste van God is. Dit is die Gees van God wat op Pinksterdag uitgestort is om oor die hele wêreld die evangelie te laat verkondig.

**Jy hoef nie te huil nie, daar is hoop.  
Daar is Een wat die geskiedenis  
van die wereld tot sy volmaaktheid  
bring, ter wille van die kinders van  
God**

En geen magtige regering kon dit nog ooit stuit nie. Nie die magtigste yster-of bamboesgordyn kon dit nog ooit doen nie. In alle lande oor die hele wêreld word van die oorwinning van die lam getuig. Hierdie Gees is soos sewe oë wat weet presies wat in die wêreld gebeur. Moenie huil nie!. Wees nie droewig nie. Die Gees wat die dieptes van God ondersoek, weet wat in die wêreld gebeur. In die kleinste besonderhede van elkeen van ons se lewe.

**Niks op aarde is so droog, vaal, saai en uitputtend soos godsdienstige werk waaruit die verwondering verdwyn het.**

- V Havner

## Hemelvaart

En dan gebeur die geweldige! Die Lam bestyg die troon en neem die rol uit die hand van Hom wat op die troon in die hemel sit. *Dit is wat gebeur met Christus se hemelvaart.* Dit is wat ons op hemelvaartsdag gedenk. Die troonbestyging van ons Here Jesus. Met sy hemelvaart sê die Vader aan die Seun : "*Sit aan my regterhand tot ek jou vyande maak 'n voetbank van jou voete*". Ons sal niks van die hemelvaart van Jesus verstaan, as ons nie gaan let op die heerlike posisie wat Hy inneem... die plek wat die Vader aan Hom gee, nie. Daar het immers al meer mesne opgevaar na die hemel? Dink maar aan Elia wat in 'n vuurwa die hemel ingeneem is. Henog wat die hemel ingeneem is. Maar Elia of Henog sit nie aan die regterhand van die Vader nie. Hulle kon nie die boek neem en sy seëls oopmaak nie! Daardie plek is gereserveer vir Jesus. Met sy hemelvaart, ontvang Hy die posisie aan die regterhand van die Vader op sy troon. Hy is nou die verheerlikte Koning!!

Van daar stuur Hy sy diensknegte om die evangelie oor die wêreld te laat verkondig. So gaan die Gees oor die hele wereld en kondig Jesus se heerskappy aan. Sy diensknegte wat sy getuies is, is soos Hy self wat sy troonrede hou, aankondig dat Hy regeer. Wat nou ook al in die wereld gebeur - die Lam regeer. Hy het alles in sy hande. Niemand kan ons uit sy hande ruk nie. Hy hou ons vas en regeer oor alles ter wille van sy gemeente. Wat 'n troos! Moet daarom nie huil nie. Daar is een wat waardig is om die boek te kon neem - dit het Hy gedoen met sy hemelvaart.

### Almal moet Hom aanbid

En nou gaan almal Hom aanbid. Ons kry in die volgende verse 'n gedurig-wyer-uitkringende beweging van almal wat voor die Lam buig. Sy verlossingswerk is nie slegs bedoel vir my binnekamer of vir die erediens of vir die sendingwerk of evangelisasiewerk nie. Dit raak die hele skepping. Almal moet voor sy heerskappy buig. Droog dus maar die trane af! Moenie huil nie! Hemelvaart gee nie betraande oë nie, maar oë

wat die heerlijkheid van die Lam op die troon bewonder in geloof.

## IN MEMORIAM

*Oor die Christelike rou - n.a.v. 2 Samuel 1:17-27*

*E Brink*

### Saul

Dawid rou oor Saul wat jarelang sy agtervolger was. Dawid het 'n vyand verloor. 'n Mens kan dit egter nie aan sy rouklag agterkom nie. Hy rep geen enkele woord oor Saul se vyandskap teenoor hom nie. Niks word gesê tot nadeel van die oorledene nie. Nee, ook nie in die trant van 'die Here het Saul se kwaad op sy eie hoof laat neerkom nie' (Vgl 1Sam 25:34). Slegs woorde van lof word gehoor: Saul die held, die beminde, die lieflike, die 'vrygewige' (1:24).

Is dit 'n gebaar van hoflikheid? Met as motto: 'n mens moet die dooies met rus laat. En: moet niks anders as goeie dinge van die dooies sê nie? Moet ons nou uit vroomheid die kwaad agterlaat by die dooies en slegs die goeie saamneem?

**Geen leedvermaak nie, maar erkenning van God se werk in en deur mense. Dawid het oog vir die werk wat God se Gees deur Saul gedoen het**

Of is dit eintlik 'n slim set van Dawid? Is dit Dawid se plan om nuwe aanhangers te verwerf? Hy het eintlik maar net krokodiltrane. Hy is reeds besig om die getal oorlopers tussen sy trane deur te tel. Indien laasgenoemde die geval sou wees, dan vra jy jouself wel af wat hierdie rouklag in die boek van die *Opreptes* doen (1:17)!

Dit is opvallend dat Dawid nie 'n onweloweglike woord oor Saul laat hoor nie. Maar dit is nie so vreemd nie. Dawid het altyd respek vir Saul gehad *as die gesalfde van die Here*. En hy het sy houding teenoor Saul tot dusver nie gewysig nie. Waarom laat hy andersins die Amalekiet doodmaak (1:16)?

**Assurance enables a child of God to feel that the great business of life is a settled business, the great debt a paid debt, the great disease a healed disease and the great work a finished work.**

- JC Ryle

En waarom prys hy die manne van Jabes (2:5, 6)? Dawid bly respek betoon aan Saul as 'messias' (gesalfde), ook al het hy reeds gesterf. Hy verander nie van koers nie, selfs nou dat die koningstroon leeg staan.

Saul moet as 'n held in herinnering gehou word! Sy swaard het groot suksesse beleef. Dawid ondersteun Saul hierin. Hulle het 'n gemeenskaplike vyand, wat nou leedvermakerig is (1:20). Dit maak hierdie gebeurtenis so diep hartseer. Nie slegs dat die helde geval het nie - hulle lê daar, selfs onbegrawe - maar veral dat die wapentuig van *hom-wat-met-olie-gesalf-is* eenkant weggegooi is.

So sien Dawid vir Saul: Die gesalfde wat die gemeenskaplike vyand moes bestry. Die gesalfde wat God se volk teen die slegte invloede moes beskerm. Hierdie gesalfde het dood op die slagveld agtergebly. Daarom is die verlies so groot! God se volk mis nie slegs 'n moedige en heldhaftige man nie. Hulle mis 'n *gesalfde*, instrument van God se verlossingswerk. Dawid wil Saul as sodanig in herrinnering hou. As die persoon deur wie God verlossing gebring het!

**Dawid skaam hom nie vir sy gewonde hart nie. Ook nie teenoor God nie. Waarom sou hy? Want daarin vertoon hy juis God se beeld.**

Hierdie toon moes die dogters van Israel ook getref het in hul klaagsang (1:24). God het bevrydend en seënryk gewerk deur middel van Saul. Dit kan nog gesien word aan die weelderige klere, inklusief goudsieraad waarmee hulle hul mog klee. Saul was nie slegs 'n held nie. Hy was ook 'n rojale man wat geweet het hoe om die buit te verdeel. Kenmerkend vir 'n Benjaminiëter (Gen 49:27)!

Maar was dit nou regtig: Saul, die beminde en geliefde? Op één lyn met Jonatan. Is dit nie oordrewe nie? Dawid deins nie daarvoor terug om Saul as simpatiek voor te stel nie. Hy het geen wrok meer oorgehou van die tyd toe 'n bese gees sy lewe versuur het nie. Hy sien Saul voor hom as

die beminde en geliefde, die innemende persoonlikheid. Wat byvoorbeeld kon sê: 'jy is regverdiger as ek' (1 Sam 24:18). Dit was ook hoe Saul was!

Dawid het hom nie laat verlei om hom op Saul die gesalfde te wreek nie. Selfs nie toe hy al gesterf het nie. Geen leedvermaak nie, maar erkenning van God se werk in en deur mense. Dawid het oog vir die werk wat God se Gees deur Saul gedoen het. Hy spreek ook geen veroordeling uit oor Saul nie. Hy bring sy verwerping as gesalfde nie eers ter sprake nie. Laat staan nog sy verwerping as mens. Hy hou hom nie besig met wat vir hom verborge is nie. Hy laat dit aan sy Seun oor, Jesus Christus. Dawid hou hom by die geopenbaarde dinge. Die verlossende werk wat God deur Saul gedoen het.

Geen vleierei nie, geen skynheiligheid nie. Dawid bedryf messiaanse of Christelike rou. In sy rouklag bewys hy hom as die gesalfde, die man na God se hart.

### Jonatan

Jonatan, 'n juweel van 'n man. Hy lê verslaan op Gilboa. Dawid kan nie sterk genoeg verwoord nie. Sy boesemvriend lê neergevel op die slagveld. Hoe gaan hy ooit hieroor kom? "Ek is benoud om u ontwil." So diep ontroer is hy, dat hy inmekaar krimp. Hy is in die wurggreep van die rou. Intense hartseer omdat hy afstand moet neem van die man wat nog altyd baie na aan sy hart gelê het.

Dawid verloor 'n *held*. Sy posisie as prins, het Jonatan nooit van die oorlogsfront af weggehou nie. Hy was nie té beroemd om saam te stry nie. Jonatan, 'n befaamde boogskutter. 'n Dapper stryder (1:22). 'n Pronkstuk in die slagorde. 'n Man wat dit gewaag het om man-alleen 'n groot aanval te loots (1 Sam 14).

Dawid verloor 'n *vriend*, 'n baie besondere vriend. Omdat hulle mekaar gesoen het (20:41)? Ásof dit die mees besondere van die vriendskap was! Wanneer hierdie vriendskap verklaar word as 'n homoseksuele liefde, toon dit slegs aan hóé verwyderd 'n mens is van die kultuur waarin dit

**Ons moet ons verbly in die Here, maar nog steeds met 'n heilige ontsag en bewing.**

- M Henry

baie normaal is dat vriende mekaar omhels. Ja, maar praat Dawid dan nie van 'n liefde wat *wonderliker* is as die liefde van vroue nie?! Gee hy dan nie self te kenne dat die liefde van manne die van vroue oortref nie?

Dawid bedoel heeltemal iets anders. Jonatan se liefde is so besonders omdat dit verder as die seksuele liefde gaan. Sy liefde is van 'n ander orde. Dit is die liefde van *selfopoffering*. Die soort liefde wat homself soos 'n kers verteer. Dit is dit wat Jonatan so besonders maak. Hy het getrou gebly aan sy pa, in lewe en in sterwe. Maar tegelykertyd het hy nooit sy verbond met sy vriend verbreek nie. Daardie verbond het vir Jonatan geen eiebelang ingehou nie, net selfopoffering. Want dit het beteken dat hy sy plek as kroonprins aan Dawid moes afstaan. As hy hom aan sy verbond met Dawid wou hou, moes hy sy hoë posisie prysgee. Jonatan is daardie soort vriend wat ander uitnemender geag het as homself.

Daarom – Dawid verloor met Jonatan ook 'n *broer*. Dit is nie te veel gesê nie, want dit wat hulle die intiemste aan mekaar verbind het, was hulle gemeenskaplike oortuiging. Dawid is deur die Here gesalf. Die Here plaas *hom* op die troon! Dit wat hulle saam gebind het, was één rotsvaste geloof, soos dit in hul heldedade na vore gekom het! Dawid: “Die HERE sal my red uit die hand van hierdie Filistyn’ (1 Sam 17:37). Jonatan: “Want by die HERE is daar geen verhoging om deur baie of deur min te verlos nie.”(1 Sam 14:6).

Dawid prys vir Jonatan. Is dit vleierey? Hemel Dawid sy vriend op? Prys hy hom in die hemel in? Dawid leer ons nie om so krampagtig te wees in die gedenk van 'n oorledene nie. Hy sien Góð se werk raak in hierdie man, Jonatan. Wie se selfopofferende liefde so besonders was? Beter nog: deur wie God se Gees so wonderlik gewerk het!

Dit is Christelike en messiaanse rou. Dawid herken en erken die werk van die Gees wat so groots in mense werk. Dawid rou soos dit 'n messias (gesalfde) betaam, wat deur dieselfde Gees gegryp is (1 Sam 16:13; 2 Sam 23:2). Hierdie rou blyk

heel menselik te wees. Dit word intens belewe. Dawid krimp inmekaar daardeur. Hy skaam hom nie vir sy diep verdriet nie. Net so min soos Dawid se Seun, Jesus Christus (Joh 11:35). Hy neem alle ruimte daarvoor.

Dawid skaam hom nie vir sy gewonde hart nie. *Ook* nie teenoor God nie. Waarom sou hy? Want daarin vertoon hy juis God se beeld. Want God self kan ook maar baie moeilik afstand neem van sy gunsgenote: *Kosbaar is in die oë van die HERE die dood van sy gunsgenote* (Ps 116:15). Jonatan, Jonatan, my broer.

---

## SEKSUELE OPVOEDING VAN DIE OUER JEUG II

JJD Baas

In die vorige artikel het ons gesien dat die opvoeding van ouer kinders 'n ander styl van die opvoeder vereis. Kinders is meer volwasse, wil gerespekteer word. Die ouers ly nie skade as hulle ook hul swakhede kan bespreek nie. Gedurende die puberteit verander daar baie by die kinders. Hoewel dit lyk asof hierdie periode dikwels negatief benader word, kan daar baie positiewe dinge gesê word. Dit is 'n periode waarin die ouers, ondanks alles, tog nog 'n vormende rol in die opvoeding speel.

**In die voorbereiding sal dit duidelik moet word dat seks nie alles is nie, dat dit nie die basis vir jou huwelik is nie. Die basis lê in die liefde van God.**

In hierdie artikel word die aandag gespits op die verskil tussen mans en vroue. 'n Saak wat so belangrik is dat dit in die opvoeding nie mag ontbreek nie. Ons kyk hoe ons ons kinders kan bystaan as verhoudings begin, en die houding wat ons ten opsigte van selfbevrediging behoort te hê.

**Niks hoef by Christus se voltooide werk gevoeg te word nie, en daar is ook niks wat by Christus se volmaakte werk gevoeg kan word nie.** - Francis Schaeffer

## Die verskille

Binne die gesprekke met die kinders oor waardes en norme in hulle opvoeding, kom die seksuele vanselfsprekend ook ter sprake. In die gesprekke sal breedvoerig aandag gegee moet word aan die verskille tussen man en vrou. Die indruk wat ek van baie huwelike kry, is dat dit beter kon gegaan het indien die verskille duidelik bekend was. 'n Groot getal ontspoorde huwelike is die gevolg van onvoldoende kennis van mekaar se eienskappe. In die praktyk beteken dit dat die opvoeder self ook terdeë bewus moet wees van wat die verskille nou eintlik is. Anders is dit net wind. Baie ouers is op hulle beurt weer nie deur hulle ouers ingelig oor die groot geestelike verskille wat tussen man en vrou bestaan nie. Van die liggaamlike verskille weet ons dikwels genoeg. Die houding van man en vrou teenoor seksualiteit verskil totaal.

**Laat ons nie die positiewe van diegene wat sonder huweliksmat deur die lewe gaan, miskyk nie. Hoe sien jy jou huwelik en jou lewe voor God, as getroud-wees jou lewensdoel sou wees?**

“...en na jou man sal jou begeerte wees” lees ons in Gen 3:16. Baie het hierdie vers gelees as: “deur die sondeval moet die vrou nou 'n seksuele verlange na die man hê”. As dit die beeld is wat 'n man van sy vrou het, dan kan die huwelik al gou op 'n teleurstelling uitloop. Want dit blyk dan dat 'n vrou binne die huwelik, in die meeste gevalle, glad nie so funksioneer nie. Sy is nie die party wat smag na seksuele bevrediging nie. Die Bybelteks sê ook nie so nie. 'n Vrou soek in die liefde veral intimiteit en koestering by haar man. Sy soek sy beskerming. Dit is iets heeltemal anders!

Dit moet ons daarom ook duidelik vir mekaar sê: Hiermee het die wêreld van film en TV die spoor totaal byster geraak. In allerlei films word die illusie voorgehou dat vroue altyd van begeerte brand. So rig die skynwêreld van TV baie skade aan. Mense wat gereeld na sulke goed kyk, kry dan die gevoel dat hulle in hulle huwelike iets kortkom. Mans kry die indruk dat hulle vrouens nie

‘normaal’ funksioneer nie. En so ontstaan daar huweliksverbodkelling.

En satan geniet die speletjie. Hy verslaan so sy duisende. Laat ons hom nie gee wat hy soek nie. Hy is ons vyand! Hy is daarop uit om ons en ons kinders te verwoes, ten dode toe !

Die benadering tot die seksualiteit is by mans en vroue behoorlik verskillend. By 'n man ontstaan byvoorbeeld baie vinniger liggaamlike opwindings as by 'n vrou. Haar intensiteit van liefdesbeleving is dikwels baie groter. Liefkosing en seksualiteit is by 'n man meestal onlosmaaklik van mekaar. Die vrou kan liefkosing geniet sonder dat daar gemeenskap hoef te volg.

Uitgaan en verlowing is die leerskool hoe om met mekaar om te gaan. Dan is dit goed om gedurende hierdie periode duidelik oor die verskille te praat. Dit kan in 'n gesprek met jou kind alleen, maar natuurlik ook met die geliefdes saam. Die voorbereiding op die huwelik is 'n goeie tyd om mekaar te leer ken, te verken. Om die paartjie op dieselfde golflengte te kry. Nie alleen liggaamlik nie, maar veral geestelik. Want die vernaamste band in 'n huwelik is die liefde, nie die seksuele nie. Wat doen jy as jou vrou om gesondheidsredes nie meer gemeenskap kan hê nie? Is die liefde dan verby? Is die lewe dan 'n teleurstelling?

In die voorbereiding sal dit duidelik moet word dat seks nie alles is nie, dat dit nie die basis vir jou huwelik is nie. Die basis lê in die liefde van God. En uit sy liefde die liefde vir mekaar.

Jy kan die huwelik nie ingaan sonder om jou te vergewis van die verskille nie. Hou daarmee rekening!

## Die selfbevrediging

Die onderwerp kan gedurende die opvoeding nie vermy word nie. Volgens statistieke bevredig 95% van seuns hulself seksueel, en daar word dan ligsinnig bygevoeg dat die oorblywende 5% daaroor jok... By vroue is die persentasie heelwat laer, maar wel bo 50%.

Vroeër jare was selfbevrediging ‘Onanie’ genoem. Die mening was dat die sonde van Onan in Gen 38: 8-11 die verderwing van sy saad op die grond was.

**Gehoorsaamheid aan die wettige gesag en gesagsdraers, is een van die vrugte en bewyse van Christelike opregtheid.**

- Charles Hodge

Hierdie visie het baie ellende veroorsaak. Die mening was dan dat selfbevrediging letterlik 'n doodsonde was.

Die gedagte was verder dat selfbevrediging sonde teen die Heilige Gees was. Dit het aan baie jongeres in hulle jeug (en daarna!) 'n skuldkompleks besorg.

Onan se sonde was egter nie die saadverspilling nie, maar dat hy geweier het om 'n nageslag vir sy broer te verwek. Hy het geweier om die omgangsreëls wat God gestel het, te gehoorsaam.

Ons moet dus nie selfbevrediging met Onanie verwar nie. Dit het niks daarmee te doen nie. Hoe bespreek ons nou egter hierdie saak met ons kinders? Is selfbevrediging wel sonde?

Die vraag kan gevra word.

Ons moet eers aandag skenk aan wat hom in die menslike liggaam afspeel. Ons let eers op die manlike kant. By elke seun kom op 'n sekere ouderdom die saadproduksie aan die gang. Saadjies word gemaak ongeag of hulle gebruik word of nie. Dit word soms duidelik deur 'n nagtelike saadstorting, ook bekend as 'n "nat droom". Hieroor kan ons nie kwaad spreek nie, want dit gebeur onwillekeurig.

By meisies weer kom op 'n sekere ouderdom die maanstondsiklus op gang. Sy het maandeliks haar vrugbare periode, gevolg deur 'n periode van ongesteldheid. Hierdie siklus gaan ook gepaard met gevoelens. Deur streling van sekere liggaamsdele kan die gevoelens versterk word.

Sekere mense meen dat selfbevrediging hoort by die ontdekking van jou eie liggaam.

Is die ontdekking dan sonde? Seker nie. Daar word deur sommiges bv gesê: Ek geniet 'n heerlike stortbad! Ander weer geniet dit om sport te beoefen. Om goed te sweet.

Dan moet selfbevrediging deur streling en opwinding dan tog ook moontlik wees? Dit is in wese tog dieselfde?

Wat stel jy as ouer hierteenoor? Baie sal, gesien die persentasies van hul eie jeugjare, ook hiermee te doen gehad het. Deur dit net al aan jou kinders te noem, kan jy help dat hulle begrip voel vir die moeilike stryd. Hulle weet dat jy ook geveg en verloor het. Jy wou nie, maar tog het jy.

Maar hoe help ons ons kinders verder?

Mag jy jou liggaam so opwen dat 'n saadstorting plaasvind, of 'n orgasme bereik word? Is dit nou sonde voor God of maar net 'n gevolg van die sonde?

Aan die liggaamsbou van man en vrou is dit duidelik te sien dat die seksuele vir twee persone geskape is. Vir man en vrou. Daarvoor het die Here dit gemaak, en nie om egoïstiese redes nie. Daarin onttaard selfbevrediging meesal in. Selfbevrediging is alleen op jouself gerig.

Ons noem dit *self*-bevrediging. Is dit regtig bevrediging van jouself? Uiteindelik nie. Dit is teleurstellend. Tog kan dit verslawend werk. Jy moet, kan nie daarsonder nie. Dit lyk vir my goed om die verslawende element onder die kinders se aandag te bring.

Die gevaar bestaan immers dat selfbevrediging daartoe lei dat 'n man sy vrou slegs as 'n selfbevredigingsvoorwerp sien en ervaar? Sy moet maar sien en kom klaar! Maar gemeenskap moet juis op die ander gerig wees. Hoe maak ek dit vir jou 'n hoogtepunt! Daarop moet ons ons kinders se aandag rig. Dan word die die huwelik vir hulle 'n genieting-van-mekaar.

**Aan die liggaamsbou van man en vrou is dit duidelik te sien dat die seksuele vir twee persone geskape is. Daarvoor het die Here dit gemaak, en nie om egoïstiese redes nie**

Selfbeheersing is 'n goeie eienskap binne die huwelik, ook op die seksuele terrein. Die selfbeheersing kan geoefen word, deur die selfbevrediging af te wys.

Wees versigtig om swaar skuldgevoelens hieroor op te wek in die opvoedingsituasie. Verduidelik dat dit beter is, vir verskeie redes, om daarvan af te sien. Die selfbevrediging is myns insiens wel 'n gevolg van die sonde. Net soos ander gedragspatrone van die puberteit, bv met deure smyt, heftige woordwisselings en gebrek aan respek vir oueres. Hierdie gedrag is deel van ontwikkeling tot 'n selfstandige persoon. Maar dit bly die gevolge van die sonde. So kan selfbevrediging ook gesien word.

**Die kerk het net so min die kanon "geskep" as wat Newton die wet van swaartekrag geskep het. Om te herken is nie om te skep nie.**

- JI Packer

Die ontdekking van jou liggaam is nodig vir ontwikkeling. Maar bepaalde gedragspatrone bly die gevolg van die sonde, en was oorspronklik nie daar nie, en sal op die nuwe aarde ook nie meer daar wees nie.

## Hoe ver mag hulle gaan?

Met ouer kinders sal jy, veral as hulle 'n vaste verhouding aangeknoop het, gesprekke moet voer oor hoe ver jy op die seksuele gebied met jou vriend of vriendin mag gaan. Hierdie tyd en verlowing is pragtige geleenthede om mekaar te leer ken. Soms kan die vuur so hoog opvlam, dat selfbeheersing moeilik is. Agteraf sien jy as ouers eers die waarde van die vaste verhoudingstyd. Dis die tyd om mekaar te leer ken, en nie te 'beken' nie. As jy jonk is en dit self beleef, dan wil jy egter steeds meer beleef en ontdek.

Hieronder volg 'n paar 'openhartige vrae' wat aan die orde gestel kan word gedurende 'n gesprek met jou kind. Die een vraag eerder as die ander.

- Hoever mag jy gaan om mekaar te betas?
- Mag julle mekaar naak sien in hierdie tyd?
- Hoe dink julle oor saam bly?
- Hoe dink julle oor gesinsbeplanning?

Hierdie vrae stel jy nie sommer so aan 'n kind nie. As die kommunikasie al klaar stroef is, is daar vir hierdie soort vrae miskien glad nie ruimte nie.

Tog wil ek aandag daarvoor vra. By 'n spreekbeurt vir jongeres oor hierdie onderwerp, het dit my opgeval hoe graag hulle daarvoor wil praat. Dikwels beleef hulle probleme met hierdie soort sake. Byvoorbeeld: Die meisie staan dinge toe met die betasting van haar liggaam, om haar seunsvriend nie te verloor nie. Maar sy het tog 'n probleem daarmee! Sy kom nie agter dat sy deur haar gebrek aan kennis van seuns hierdie situasie self min of meer uitgelok het nie. Sy kan 'n behoorlike skuldgevoel kry as sy nie weet of die Here hierdie dinge goedkeur nie. Daar kan selfs 'n skuldgevoel teenoor haar ouers ontstaan. Sy wil haar ouers nie teleurstel nie. Daarom word daar gepleit vir oop gesprekke oor hierdie dinge.

U as opvoeder moet moeite doen om openheid hieroor te kry. Miskien dink u by uself: Ek was self

in hierdie tyd nie beste voorbeeld nie, het ook te ver gegaan. Moet ons dan maar die situasie sy eie gang laat gaan? Sodat jou kinders in dieselfde net verstrengel raak?

'n Oop en eerlike gesprek met jou kinders ontstaan meesal deur jouself swak op te stel. Dan sal die kind se versugting wees: Gelukkig is my pa en ma ook gewone mense. Hulle het begrip vir my moeites. Hulle ken dieselfde stryd as ek. As die opvoeder nie sy swakhede toon nie, bly die gesprek op 'n afstand. Dan is daar nie 'n vertrouensband nie. Pa en ma skryf die wet voor, wat mag en wat nie mag nie. So 'n gesprek baat niemand nie, maar laat net die spanning oplaai. Die kind is gesluit vir 'n gesprek.

Onthou om u gesprek goed voor te berei. Lees baie oor hierdie onderwerpe. En luister ook goed na wat jou kind wil sê.

## Tenslotte

As 'n mens na ons samelewing kyk, dan lyk dit asof verhoudings en om te leef in 'n huwelik die belangrikste ding in die lewe is. Berei ons ons kinders ook voldoende voor vir die moontlikheid dat hulle lank alleen kan wees? Alleenwees is nie bejammeringswaardig nie.

Dit is wel sommiges se benadering. Jy is nie 'volledig' as alleenloper nie. Of ons sê vir iemand, wat na lange tyd 'n verhouding aanknoop: Baie geluk, jy het eindelijk reggekome! Asof hulle met opset in die ongehuwde staat volhard het. So 'n benadering is nou nie bepaald positief vir 'n alleenstaande nie. Laat ons nie die positiewe van diegene wat sonder huweliksmaat deur die lewe gaan, miskyk nie. Hoe sien jy jou huwelik en jou lewe voor God, as getroud-wees jou lewensdoel sou wees? God gee aan elkeen van sy kinders 'n plek in sy koninkryk. Daarvoor kry elkeen voldoende krag. Hy vra van jou om na vermoë te funksioneer, op die plek vir jou gegee, met die talente aan jou toegedeel. Getroud of ongetroud.

Ons kan met ons opvoeding saamwerk aan 'n goeie funksionering van ons kinders, al moet hulle alleen bly. Omgewingsfaktore, waaronder gebrekkige opvoeding ook val, kan soms lei na versuring en verbittering in ons kinders se lewe. Die opvoeding

**Moet nooit 'n geleentheid laat verbygaan om iets moois te sien nie. Skoonheid is God se handskrif.**

- C Kinsley



van jong en ouer kinders vra 'n goeie atmosfeer. Hierdie atmosfeer is afhanklik van baie faktore. Soms oënskynlik klein dingetjies: Die opset van die leefkamer, die sfeer in huis, blomme op tafel, rustigheid en aandag vir mekaar.

En moenie probeer om by elke geleentheid die groot en gewigtige onderwerpe aan te spreek nie. Die tyd moet daarvoor ryp wees. Om vertrou te wek en te gee is in die gesprek van kardinale belang. Lê sover moontlik die basis as die kinders nog jonk is. Dan kan later daarop voortgebou word.

Om vir jou kinders te bid sal ongetwyfeld op alle ouers se program staan. Dit is 'n baie belangrike saak. Ons word opgeroep om te bid en te werk. Laat ons dit ook doen. Gebruik geleenthede soos hulle voorkom. Dit kan oomblikke wees waarteen jy opsien. Maar dit sal ryk oomblikke wees. Ryk vir jouself en ryk vir jou kinders. U staan nie alleen voor hierdie groot opdrag nie. Die Gees van God sal u wysheid gee. Baie hulpmiddels in die vorm van boeke en artikels sal u ook kan help. Mag u as ouers baie goeie en ryk opbouwende momente met u kinders beleef.

---

**Geen Christen gaan in die regte rigting as sy rug na God gekeer is, nie.**

- Anoniem